# BOEKBESPREKING

POSTILLE 14 & 15, Boekencentrum 's-Gravenhage, 1962 en 1963.

Die jongste twee Postilles van die werkgroep Kerk en Prediking van die Nedl. Herv. Kerk verskil wat die vorm betref effens van hulle voorgangers. Die inventio word nou in klein-skrif aangebied, en die sketse volg direk opmekaar sonder dat enige ruimte op 'n bladsy oopgelaat word.

Wat die verdere opset en aanbieding betref het ons die voortsetting van wat in die verlede gelewer is. Ook hierdie twee uitgawes begin met 'n artikel : No. 14 oor Evangelisasieprediking en No. 15 oor die Jeugpreek. Behalwe die behandeling van die kerklike jaar en ander besondere dae en geleenthede, het ons aan die einde die voortgesette behandeling van die Heidelbergse Kategismus deur Prof. Berkelbach van der Sprenkel, wat reeds tot by Sondag 44 gevorder het.

Die groot waarde en betekenis van die Postilles van die werkgroep is eerstens dat hulle die prediker verlos van sy eie geliefde tekste deurdat hy gedwing word, deur binding aan die kerklike jaar, om 'n verskeidenheid van stof te behandel. Verder kry ons in die Explicatio die jongste stand van eksegese en Bybelse teologie in 'n baie kompakte vorm. Sodoende wil die Postille dan die verkondiging van die kerk dien en die dienaar van die Woord help om sy prediking vrugbaar te maak vir kerk en wêreld.

Ons vind in hierdie twee Postilles 'n redelike groot verskeidenheid van medewerkers wat ook verteenwoordigend is van die stand van die prediking in die Nederlandse Kerk. Vanselfsprekend sal elke skets nie bruikbaar wees nie, en veral nie die toepassings nie. Nogtans kan met die nodige versigtigheid en die aanwending van noodsaaklike kritiese onderskeiding tog vrugbaar gebruik gemaak word van wat gebied word.

**F. J. van Zyl.**

* * * *

Th. L. Haitjema, **De Nieuwere Geschiedenis van Neerlands Kerk der Hervorming,** Boekencentrum N.V., Den Haag 1954, 336 blz. Prys R4,55.

Dit wil voorkom dat prof. Haitjema, nadat by afgetree het as hoogleraar aan die Groningse Universiteit, nou die tyd en geleentheid vind om meerdere publikasies die lig te laat sien. Dit kan alleen maar verwelkom word want prof. Haitjema is nie alleen 'n uitnemende kenner van die Bybels-reformatoriese leer van die Kerk nie, maar óók 'n goeie kenner van die geskiedenis van die Kerk in Nederland, Sy geskrifte vertoon dan ook almal hierdie kennis en insig wat die resultaat van vele jare se arbeid is.

Die nuutste toevoeging tot prof. Haitjema se lys van publikasies beweeg meer op die historiese terrein — hoewel mens óók sou kon sê dat dit meer 'n dogmenhistoriese studie is wat rondom die leerstuk van die Kerk gekonsentreer is en wat in die besonder op Nederland van betrekking is. Assodanig is dit van besondere belang juis vir ons in Suid-Afrika, wat vir baie jare 'n noue kerklike verbondenheid met Nederland gevoel het. Hierdie kerklike bande wat voortdurend versterk is deur die feit dat 'n hele reeks Nederlanders die Kerk in Suid-Afrika as predikante of hoogleraren gedien het en vanweë die feit dat vele Afrikaners hulle teologiese studies in Nederland onderneem of afgerond het, bring mee dat die gebeure in die Nederlandse Kerk altyd op een of ander manier 'n weerklank in ons land en in die Afrikaanse kerklike wêreld gevind het. In die hede is hierdie verbondenheid met die Nederlandse kerklike wêreld besig om al meer vaag te word vanweë die feit dat die „ekumeniese bewoënheid" in Nederland vele daartoe bring om die principia van die reformatoriese geloof te verlaat en om die Afrikaanse kerke wat daarby wil bly, af te wys. Verskillende persberigte het dit hier onder die aandag gebring dat die Nederlandse Kerk, om in die groot wêreld in die gevlei te bly, soveel as moontlik enige verbondenheid met die Afrikaanse kerklike wêreld verloën. Hierdie situasie mag veroorsaak dat hier in Suid-Afrika miskien nie te veel belangstelling sal bestaan vir 'n geskiedenis van die Nederlandse Kerk nie. Tog sou dit jammer wees as, om die rede alléén, hierdie geskrif van prof. Haitjema nie die leserskring kry wat dit ongetwyfeld verdien nie.

Hierdie geskiedenis begin met die jaartal 1651 omdat dit die jaar is waarin die gereformeerde Kerkstaat in Nederland geproklameer is. Dan word daarvandaan die geskiedenis gevolg en kom die Aufklärung, die Réveil, die afskeiding van 1834, Kohlbrügge, die Doleansie, Abraham Kuyper en Hoedemaker aan die beurt. Op 'n helder, onderhoudende manier en met uitstekende uiteensettings van die beginsels wat telkemale gegeld het, word die gang van die geskiedenis beskrywe só dat dit 'n plesier is om dit alles te bestudeer. Dit is moontlik dat diégene wat nie besonder tuis is in die geskiedenis van die Nederlandse Kerk nie van tyd méér en uitvoeriger gegewens sou verlang wat nou as bekend veronderstel word. Dit hang natuurlik saam met die feit dat die boek primêr vir Nederlandse konsumpsie geskrywe is.

Die beskrywing van die Nederlandse Réveilbeweging het my besonder geïnteresseer. Dit is tog merkwaardig — getuienis van die afstand tussen Nederland en Suid-Afrika ? — dat ons nêrens 'n verwysing vind na die effek wat die Réveilbeweging in die Kerk in Transvaal gehad het nie. Immers ds. F. L. Cachet wat 'n produk van die Réveilbeweging was (maar seker nie 'n verteenwoordiger daarvan nie!) het in Transvaal juis vanweë die opvattings wat hy in die Réveilkringe geleer het, in Transvaal 'n sterk

verdelende rol gespeel. Hier het dit my ook weer opgeval hoe min **verteenwoordigend** van die teologiese rigtings in Nederland sommige van die Hollander-predikante in Suid-Afrika was en hoë weinig **bevrugtend** hulle hier in ons kerklike bestel gewerk het.

Alles bymekaar genome wil ek graag hierdie boek aanbeveel vir lees èn studie ook omdat prof. Haitjema hiermee 'n tipe kerkgeskiedskrywing beoefen wat navolging verdien.

— A. D. PONT

* * * *

Lennart Pinomaa, **Sieg des Glaubens. Grundlinien der Theologie Luthers,** Vandenhoeck en Ruprecht, Göttingen 1964. 204 bls. Prys onkend.

Prof. Pinomaa is hoogleraar in die Sistematiese Teologie aan die Universiteit van Helsinki in Finland en sy geskrif is in Duits verwerk deur prof. Horst Beintker van die Universiteit Jena. Dit is selde dat ons kennis kan neem van die teologiese werksaamheid van die Finse teoloë maar hier is tog 'n goeie voorbeeld van die werk wat daar gedoen word.

Dit is nie dikwels dat mens so 'n duidelike en oorsigtelike samevatting kry van die teologiese werk van die groot hervormer Martin Luther nie. In een-en-twintig hoofstukke word die grondbeginsels van Luther se teologie sorgvuldig en met baie sitate uiteengesit.

Graag wil ek hierdie werk aanbeveel. Dit is inderdaad waar wat in die voorwoord gestel word : **Communio sanctorum** bedeutet, dass alles, was wir leisten, **commune bonum ist oder wird.**

A. D. PONT.